

**Saterdag 15 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 27:62-66 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Matteus 27:66**

**Geen klip, wag of weermag kon Jesus verhinder om uit die dood op te staan  
nie**

Die dissipels het nie onthou wat Jesus van sy opstanding gesê het nie (Matt. 20:17-19), maar die geestelike leiers het wél onthou. Hulle was ná sy dood net so bang vir Hom as wat hulle vóór sy dood was.

Die Fariseërs was so bang dat Jesus se woorde oor sy opstanding bewaarheid sou word, of dat iemand die lyk sou verwyder, dat hulle gesorg het dat die graf behoorlik verseël en bewaak word. Daar was net een ingang tot die grafkamer, teen die hang van 'n klipheuvel uitgegrawe. Dit is verseël deur 'n tou te span oor die klip wat voor die opening gerol was. Beide punte van die tou is met klei geseël.

Die geestelike leiers het nog 'n verdere voorsorgmaatreël getref en gevra dat daar wagte by die opening van die graf geplaas word. Al hierdie voorsorgmaatreëls het daartoe gelei dat die graf net om één rede leeg kon wees, en dit is as Jesus uit die dood opgewek is of opgestaan het OF gesteel is.

Die godsdienstige leiers het 'n plan gemaak deur 'n leuen te laat versprei dat Jesus se dissipels “*in die nag gekom (het) en sy liggaam gesteel (het)*”. Die wagter het toe die omkoopgeld gevat en gemaak soos hulle voorgesê is. Dit alles om die leë graf daaraan toe te skryf dat Jesus se dissipels die liggaam van Jesus gesteel het en dat Jesus NIE uit die dood opgestaan het nie.

Hierdie *storie*, skryf Matteus, word tot vandag toe onder (en deur) die Jode vertel (Matt. 28:13-15).

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6*

*Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)*